

MOTORFINANSIERINGSKEMA VIR PERSONEEL VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

1. Doel van die skema

Dit is die doel van die skema, om deur gebruik te maak van die Universiteit se vermoë om relatief lae rentekoerse te kan beding, werknemers van die Universiteit in staat te stel om die aankoop van 'n motorvoertuig van hul eie keuse te kan finansier teen 'n finansieringskoers wat laer is as die uitleenkoerse wat normaalweg vir individue beskikbaar is.

2. Wie mag deelneem aan die skema?

Alle permanente voltydse of deeltydse werknemers asook kontrakwerknemers (vir duur van kontrakperiode) wat in besit is van 'n geldige rybewys kan per voorgeskrewe aansoekvorm om 'n lening ingevolge hierdie skema aansoek doen.

3. Hoe werk die motorfinansieringskema?

Personeel wat kwalifiseer voltooi voorgeskrewe aansoekvorm, laat dit beëdig en handig dit tesame met stawende dokumentasie (afskrifte van jongste salarisstrokie, id ens) in by die Vervoerdienste se kantore wat die aansoek binne **vyf (5)** werksdae sal verwerk en indien van toepassing voertuig laat evalueer. Na goedkeuring van die lening moet werknemer 'n skuldakte onderteken asook bewys van versekering verskaf alvorens betaling gereël kan word. Betaling geskied sodra voertuig geregistreer is met US as titelhouer en werknemer as eienaar.

4. Welke voordeel hou die skema vir die deelnemer in?

- 4.1 Die koers waarteen rente van die deelnemer gevorder word ten opsigte van die Universiteit se kapitaalinsent, vergelyk gunstig met die van handelsbanke. Die minimum rentekoers kan egter nooit minder wees as die amptelike rentekoers soos van toepassing op byvoordele en van tyd tot tyd deur die Ontvanger van Inkomste bepaal.

4.2 Via die Universiteit se versekeringsmakelaars is gunstige tariewe vir omvattende korttermynversekering beskikbaar.

4.3 Synde vlooteienaar kan US beter afslag/korting beding by aankoop van nuwe voertuie.

5. **Onder welke voorwaardes en reëls vind toetrede tot die skema plaas?**

5.1 Die motor wat aangekoop word moet vir privaatdoeleindes gebruik word;

5.2 Die koers waarteen rente, wat ten opsigte, van die Universiteit se kapitaalinses van die deelnemer se vergoeding gevorder word, sal aangepas word ooreenkomstig aanpassings in die heersende prima-uitleenkoers. Die Universiteit kan die finansieringskostekoers te enige tyd aanpas.

5.3 Die bedrag van die lening word beperk:

5.3.1 Deurdat die maandelikse terugbetalingspaaielement nie **25%** van die werknemer se maandelikse pensioendraende vergoeding mag oorskry nie.

5.3.2 Tot hoogstens **90% van die mark/herverkoopwaarde(volgens Mead&McGrouther Auto Dealer's Guide)** van die motorvoertuig. Die kostes met betrekking tot die registrasie van die voertuig word hierby uitgesluit

5.3.3 Tot 'n maksimum van R250 000 (tweehonderd en vyftigduisend).

5.4 Die volle bedrag van die lening moet aangewend word vir die aankoop van 'n motorvoertuig soos deur die Universiteit goedgekeur; uitbetaling geskied direk aan die verkoper na voorlegging van dokumentêre bewys ter staving van die aankoop;

5.5 Die lening plus rente moet by wyse van **hoogstens**:

5.5.1 twee en sewentig (72) gelyke maandelikse paaielemente gedelg word indien die voertuig jonger as 24 maande is en minder as 40 000 km afgelê het.

5.5.2 sestig (60) gelyke maandelikse paaielemente gedelg word indien die voertuig ouer as 24 maande is ongeag afstand afgelê.

5.6 Die paaielemente sal maandeliks direk van die personeellid se vergoeding verhaal word

5.7 Die finale beslissing oor die kredietwaardigheid van 'n personeellid (en dus ook of 'n lening aan hom toegestaan word) sal by die Direkteur: Vervoerdienste van die Universiteit, of sy gedelegeerde, berus en sal gebaseer word op die inligting wat op die voorgeskrewe aansoekvorm verstrek word.

- 5.8 Tot tyd en wyl 'n bestaande lening ten volle afgelos is, sal geen verdere lening of hervorskot ten opsigte van die afgeloste deel van die bestaande lening, toegestaan word nie;
- 5.9 Voor uitbetaling van die leningsbedrag moet die werknemer:
- 5.9.1 'n Skuldakte onderteken;
 - 5.9.2 Bewys van versekering inhandig.
- 5.10 Die werknemer onderneem om op eie koste allesomvattende- plus oproerversekering vir die voertuig uit te neem en dit in stand te hou totdat die lening ten volle afgelos is.
- 5.11 Die Universiteit hef 'n intreefooi van **R1 207.50** btw ingesluit asook 'n diensheffing gelykstaande aan **1.5%** van die maandelikse rente- en delgingspaaielement tot maksimum **R69.00** per maand btw ingesluit wat tot die paaielement toegevoeg word. Die intreefooi en diensheffing kan van tyd tot tyd deur die Universiteit aangepas word.
- 5.12 Personeellede word beperk tot een aktiewe lening.

6. **Aan watter vereistes moet die voertuig self voldoen?**

- 6.1 **Nuwe of goeie gebruikte standaard** sedanmotors, stasiewaens, mikrobusse (motor "homes" uitgesluit), ligte afleweringsvoertuie (bakkies) asook motorfietse mag aangekoop word solank voertuigmassa nie 2 500kg oorskry nie.

Afhangende van die ouderdom van voertuig kan die US aandring op groter deposito en/of korter terugbetalingstermyn. Opgeboude voertuie asook voertuie met km-afstand van meer dan 250 000km sal nie gefinansier word nie.

- 6.2 Die Universiteit behou hom die reg voor om 'n lening te weier op grond van die betrokke voertuig se toestand, **derhalwe moet alle voertuie, behalwe nuwe voertuie asook die wat deur aanvaarbare waarborg ondersteun word, vergesel word van 'n evalueringsvorm deur 'n erkende instansie soos bv. die AA(101 Multipoint check) of 'n geakkrediteerde handelaar. In die alternatief kan sodanige voertuig deur die Vervoerdienste ge-evalueer word.**

7. **Onmiddellike beëindiging van deelname aan die skema**

- 7.1 Indien dit op enige stadium na uitbetaling van die leningsbedrag sou blyk dat die inligting wat die werknemer op sy aansoekvorm verstrek het, sodanig **onjuis** of **onvolledig** was dat sy kredietwaardigheid nie korrek beoordeel kon word nie, of die inligting rakende die voertuig onjuis was, of indien hy die Universiteit se diens om welke rede ookal **verlaat**, is die uitstaande kapitaal en rente onmiddellik betaalbaar.
- 7.2 Indien enige bedrag betaalbaar en opeisbaar word, soos in 7.1 hierbo of indien die lener in gebreke bly om enige bepaling in terme van die skema stiptelik na te kom, insluitende die versuim om enige paaielement of ander verskuldigde bedrag op die vasgestelde datum te betaal, sal die Universiteit geregtig wees om die motorvoertuig in besit te neem en dit in pand te hou as sekuriteit vir die behoorlike nakoming van die lener se verpligtinge. Met die oog hierop moet die werknemer skriftelik onderneem (deur ondertekening van die skuldakte in 5.9.1 hierbo) om die betrokke voertuig nie te verpand of te vervreem tot tyd en wyl die leningsbedrag en rente daarop ten volle betaal is nie. **In hierdie verband word die voertuig se oorspronklike registrasiesertifikaat, deur die Universiteit synde die titelhouer, in veilige bewaring gehou totdat die lening ten volle afgelos is.**